

**7 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:47-62**  
**Fokusgedeelte: Lukas 22:61-62**

### **Die Here se oog lei ons tot berou**

Die Here het nie net vir Petrus gebid nie. Te midde van al die harwar van die aand het Hy vir Petrus ook met die oë opgesoek. Petrus het Hom verloën, en as die Here se oë op Hom rus, onthou hy die Here se woorde: “*Voordat die haan vannag kraai...*”. Nou sien ons by Petrus diepe berou. Die oë van die Here – wat vir hom gebid het – herinner hom aan Jesus se waarskuwing. Hy onthou miskien sy eie bravade. Hy onthou miskien sy voortvarende ywer toe hy die slaaf van die hoëpriester se oor afgekap het (Joh 18:10). Hy besef dat hy in sy eie voornemens misluk het. Hy besef dat Hy ontrou aan sy Here was. Die oë van die Here rus uit die hemel ook op sy kinders. Dit is daarom so nodig om gereeld bewustelik voor sy aangesig te kom. Dit gebeur as ons die Woord oordink en bid. Petrus se berou was deel van sy bekering. Só het hy sy ellende besef en weer begin om uit God se genade te lewe.

Mag ons ook hierdie berou as gawe van God ontvang. Dit is egter moontlik dat die gawe van berou by ‘n mens verbygaan. Van Esau word gesê: “*Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer*” (Hebreërs 12:17, OAV).

Sing: Psalm 32:3

Ds PA Odendaal (Evander)